12. SPORTBELEID

ALGEMENE INLIGTING T.O.V. SPORTDEELNAME VAN LEERDERS IN WORCESTER-NOORD PRIMÊR

1. RUGBY

Spelers neem deel volgens ouderdomsgroepe 0.7, 0.8, 0.9, 0.11, 0.13 - Kaartstelsel word toegepas.

O.6 spelers oefen en speel saam met 0.7's. Alle ouderdomsgroepe neem deel aan vriendskaplike wedstryde en ligawedstryde afhangende of daar spanne is waarteen hulle kan speel. Alle spanne speel ook wedstryde op Saterdae bv. Sportdae. Die Buitemuurse program maak voorsiening vir oefentye vir 0.7 - 0.13 spanne.

LW: spelers van 0.7 tot 0.13 moet by hul ouderdomsgroepe oefen en wedstryde speel.
0.7 – 0.13 seuns oefen 2x per week en speel ligawedstryde in die week.
Sportdae vind meestal op Saterdae plaas.
0.14 seuns word akkommodeer by 'n hoërskool van hul keuse.

Die 0.13A span moet 'n minimum van 15 wedstryde per jaar speel. Die res van die spanne moet 'n minimum van 7 wedstryde per jaar speel.

2. NETBAL

Mini-netbal

7-,8- en 9-jariges speel mini-netbal. Hulle speel met 'n no. 4 - bal en kort netbalpale (2,50m). Die 7- 8- en 9-jariges neem deel aan ligawedstryde en sportdae. 7-, 8- en 9-jariges word volgens die buitemuurse program ingedeel in spesifieke middag oefentye. Ons speel streng volgens ouderdom en geen uitsonderings mag gemaak word nie. Gr. 1's wat bv. 8 is moet by die agtjarige groep oefen. 9-jariges neem deel aan ligawedstryde. Alle mini-netbalspelers oefen 2x per week. Indien daar wedstryde is, oefen hulle slegs 1x per week, tensy anders gereël. Alle mini-netbalreëls geld soos deurgegee aan skole volgens NSA.

10- tot 13-jarige netbal:

Speel met lang pale (3,05) en 'n nr. 5-bal.

Alle spelers neem streng volgens ouderdomsgroepe deel. Alle afrigters moet bewyse van alle spelers se ouderdomme hê. Hierdie bewyse moet by alle wedstryde beskikbaar wees. 10- tot 13-jariges neem deel aan ligawedstryde en sportdae. 14-jariges oefen by 'n hoërskool van hul keuse en nie by 'n 13C/D-span nie. 10-jariges speel met 'n no.5-bal en kort pale (2,50m), maar gewone netbalreëls word toegepas. Alle spelers oefen 2x per week. Wanneer daar wedstryde in die week plaasvind, oefen die span slegs 1x tensy anders gereël.

Alle spelers mag net in hulle ouderdomsgroepe deelneem. 0.12 Spelers mag dus nie in 0.13 spanne speel/oefen nie.

Die 0.13A span moet 'n minimum van 15 wedstryde per jaar speel. Die 0.7 – 0.12 spanne moet 'n minimum van 7 wedstryde per jaar speel.

3. KRIEKET

Krieketafrigting:

Liga bestaan vir O.11 en O.13-spanne. Jonger spelers kan deur die O.11 en O.13-afrigters genader word om hul oefeninge by te woon en kan op meriete in van die spanne opgeneem word. Die spelers se ouers moet skriftelik toestemming gee dat hul kinders in 'n ouer ouderdomsgroep mag deelneem. A-spanne word volgens meriete gekies en by B-spanne word almal wat gereeld oefen en oor die nodige vaardighede beskik, geleentheid gegee. (0.14 spelers word by die hoërskool van hul keuse akkommodeer).

Alle spelers wat belangstel of 'n aanleg vir krieket het, kan die oefeninge bywoon. Oefeninge en wedstryde vind plaas gedurende die eerste en vierde kwartaal. Spelers wat die nodige vaardigheidsvlak bereik, word gestuur na die Noord-Boland groepoefeninge. Wedstryde binne

die liga vind plaas op Woensdae (soms Maandae). Wedstryde buite die liga word gereël vir Saterdae. By die 0.11 en 0.13 groepe is twee afrigters per groep betrokke, een vir die A-span en een vir die B-span. Alle 0.11 en 0.13 spanne moet 'n minimum van 8 wedstryde per jaar speel.

4. ATLETIEK

Algemene inligting:

Atlete neem deel volgens hulle ouderdomsgroepe. (Die kaartstelsel word aangewend as bewys vir korrekte ouderdomme). Die skool se beleid maak voorsiening vir massadeelname tot en met die skool se kleuratletiekbyeenkoms. Ouderdomsgroepe vanaf 6 tot 13 jaar neem deel (14-jariges skakel in by hoërskole van hul keuse).

Na die kleurbyeenkoms word Boland se program gevolg t.o.v. byeenkomste. Ons skool maak ook voorsiening vir atletiekbyeenkomste en uurbyeenkomste wat ons self aanbied of by ander skole gaan bywoon.

Atletiek afrigting:

Gr. R oefen in skooltyd en neem slegs deel aan die kleuratletiekbyeenkoms.

Slegs geïdentifiseerde atlete uit die 7- en 8-jariges word saam met ander atlete in middae geakkommodeer.

7- tot 13-jariges oefen op tye soos uiteengesit in buitemuurse program en vind na skool plaas.

Ouers wat meer tyd aan afrigting wil spandeer aan die atlete, kan van die skool se geriewe en apparaat gebruik maak. Inligting t.o.v. uitteken vir apparaat en sleutels is by die sportorganiseerder beskikbaar.

5. HOKKIE

Ouderdomsgroepe:

0.7, 0.8, 0.9, 0.10, 0.11 en 0.13 seuns en dogters neem deel. Jonger spelers kan op uitnodiging van afrigters by 'n hoër ouderdomsgroep inskakel mits die toestemming van die ouer verkry is. Spelers moet egter emosioneel gereed wees om daar deel te neem. 0.14 Spelers mag deelneem in die 0.13 liga. Hierdie is 'n spesiale reëling getref deur die Noord-Boland bestuur.

Op aanvraag kan gemengde spanne opgemaak word wat onderskeidelik uit seuns en dogters gemeng of verskillende ouderdomsgroepe bestaan. Die reëling geld waar daar 'n behoefte ontstaan vir meer wedstryde. Alle ouderdomsgroepe neem deel aan wedstryde. Oefeninge vind plaas op Maandae en wedstryde op Woensdae en Saterdae. Uitgesoekte 0.12 en 0.13 spelers mag aan die Boland streekproewe gaan deelneem. Slegs eerstespanne speel met geborgde klere. Waar moontlik blaas 'n onafhanklike skeidsregter altyd die eerstespan wedstryde. Eerstespanne speel slegs volveld-hokkie. Die 0.13A span moet 'n minimum van 12 wedstryde per jaar speel. Die res van die spanne moet 'n minimum van 5 wedstryde per jaar speel.

6. TENNIS

Die tennis word in verskillende groepe opgedeel wat verskillende tye oefen. Tennis word in die eerste en vierde kwartaal gespeel. Die eerstespan bestaan uit 4 seuns en 4 dogters van verskillende ouderdomsgroepe wat volgens ranglys bepaal word. Die 0.12 voederspan is die voederspan vir die eerste- en tweedespan. Daar speel leerders tot en met 0.12. Hulle dien as 'n derdespan en vierdespan en speel wedstryde. Die eerste- en tweedespan wedstryde word op Donderdae gespeel en voederspanwedstryde word tydens 'n toernooi in eerste en vierde kwartaal gespeel. Die aantal leerders wat speel word deur die ander skool bepaal. Spelers speel volgens rangorde en nie ouderdom nie. Indien 'n gr. 3-leerder talent toon, kan hy opskuif na die volgende groep en teen die laagste persoon op die ranglys uitspeel. Die 7- en 8-jariges speel met rooi dot balle en die 9-jariges met oranje dot balle. Wanneer die leerders gaan proewe speel, moet hulle onder die regte ouderdomsgroepe ingeskryf word: 0.10, 0.12 en 0.14.

Noord-Boland en Boland tennis speel egter in kwartaal 2 en 3 ook wedstryde. 'n Gr. 7-leerder speel proewe in die 0.14-groep wat beteken hy hoef nie by 'n hoërskool in te skakel nie. Slegs eerstespanne speel in geborgde klere. Die eerstespan moet 'n minimum van 8 wedstryde per jaar speel. Die voederspan moet 'n minimum van 6 wedstryde per jaar speel.
Die ou Noord-Bolandspan is vervang met die "Cape Winelands Country Districts". Ouers skryf self die spelers aanlyn vir wedstryde in. Alle navrae moet egter deur die tennisorganiseerder hanteer word.

7. MINI-KRIEKET

O.6 – O.9 spelers neem deel aan mini-krieket. Graad R (0.6) leerders oefen ook. Indien 'n 0.6 speler se vaardighede goed genoeg is, mag dié speler verkies word tot een van die 0.7 spanne. Leerders moet volgens die ouderdomsbepaling van Boland deelneem. Slegs mini-kriekettoerusting word gebruik. Indien 'n speler enige toerusting beskadig of breek is die ouer verantwoordelik om dit te vervang. Leerders mag nie eie toerusting saambring nie. Alle mini-krieketoefeninge word op die sportprogram aangedui. Tydens oefeninge word baie aandag gegee aan die vlg: oogoefeninge, die korrekte boul- en kolfvaardighede asook aan veldwerkaktiwiteite. Die Mini-krieketliga se bepalings is vir 0.9 seuns en dogters. 0.7 tot 0.9 spelers kry ook die geleentheid om aan mini-kriekettoernooie deel te neem. Ouers word per brief ingelig van alle wedstrydverpligtinge. Die afstande en kolfgroottes is as volg:
0.7 - 10m blad, nr.3 kolf. 0.8 - 12m blad, nr. 3/4 kolf. 0.9 - 14m blad, nr. 4/5 kolf. Spanne kan tydens die seisoen verander word soos leerders se vaardighede ontwikkel. Sien reëlings t.o.v. spelers in ouer ouderdomsgroepe by krieket (nr.3). Alle 0.7 tot 0.9 spanne moet 'n minimum van 5 wedstryde per jaar speel.

8. ALGEMEEN

8.1 Geen oor-ouderdomspeler mag by 'n jonger groep oefen of speel nie.
8.2 Geen ouer mag inmeng in spankeuses en oefeninge nie.
8.3 'n Speler moet oor genoegsame vaardighede beskik voordat hy/sy WNPS in 'n wedstryd kan verteenwoordig.
8.4 Navrae moet aan spesifieke koördineerders gerig word.
8.5 Indien die temperatuur in die Burger aangedui word as **38°C** of hoër vind daar geen oefeninge en tuiswedstryde dié dag plaas nie. Die voortgaan van weg wedstryde word bepaal na gesprekvoering met die tuisskool se koördineerder.
8.6 Die "communicator" sal gebruik word as Saterdae se wedstryde a.g.v. weersomstandighede gekanselleer word. Voordat u dus onnodig die pad aandurf kyk op die communicator of kontak die afrigter as u onseker is.
8.7 Om te kwalifiseer vir erkenning op die presteerdersborde in die saal, moet 'n deelnemer wel sy provinsie/land in 'n item/wedstryd verteenwoordig het. Die deelnemers moes dus fisies deelgeneem het.
8.8 As dit op oefendae reën: Betrokke koördineerders van dié sportsoort neem voor **12:30** op die betrokke dag 'n besluit wat aan alle leerders gekommunikeer word. As weerstoestande na skoolsluiting so versleg en dit reën gedurende die tyd wat u kind moet kom oefen, is die reëling dat oefeninge dan outomaties gekanselleer is. As dit egter op u plaas in Slanghoek reën maar die son skyn by WNPS – dan oefen ons! As u verder onseker is, kan u gerus die betrokke afrigter skakel - hul kontaknommers verskyn op die Buitemuurse Program. Lig asb. ook u kinders se toesighouers, wat hul sport toe bring, van dié reëlings in.
8.9 Spelers wat sonder `n geldige rede (siekte/dood in familie/provinsiale/ nasionale verpligtinge) nie aan ontwikkelingstoere deelneem nie, sal vir `n tydperk na die ontwikkelingstoer nie dié A-span verteenwoordig nie. Daarna geld die gewone reëling van meriete t.o.v. spankeuses.
8.10 Geen georganiseerde sport of professionele afrigting teen vergoeding mag Sondae

op WNPS se sportgronde toegelaat word nie.

8.11 Ouers wie se kinders hul provinsie/land verteenwoordig in 'n sportsoort/kultuur deelname kan by die voorsitter van die finansiële komitee van die Beheerliggaam aansoek doen om finansiële hulp. Volledige inligting t.o.v. uitgawes moet dié aansoek vergesel. Hierdie is slegs vir leerders wat kwalifiseer vir skoolvrystelling van 70% of meer. Skoolgelde moet op datum wees om vir bogenoemde finansiële hulp in aanmerking te kom.

8.12 Géén sportoefeninge op die middag voor 'n langnaweek nie.

ONDERTEKEN TE **WORCESTER-NOORD** OP HIERDIE 21STE **DAG VAN** FEBRUARIE 2019

M t of berg
.....

VOORSITTER - BEHEERLIGGAAM

ttessels
.....

SEKRETARESSE - BEHEERLIGGAAM